

Media24 het gedurende die verslagdoeningstydperk sterk groei in sy digitalemedia- en e-modebedrywigheide (aanlyn handel) behaal, en ondanks die traas ekonomiese en strukturele uitdagings vir die drukmedialandskap, bevestigende finansiële resultate aangegetrek. Ons koerant-, tydskrif- en verspreidingsbesigheid het hul winsgewendheid jaar tot jaar meer as verdubbel, en ons het voortgegaan om in aanlyn mode en digitale media te belê om 'n volhoubare toekoms vir Media24 te bou.

**FINANSIELE OORSIG**

Media24 se portefeuille bestaan uit koerante, tydskrifte, boekuitgewery en verspreiding (die volwasse portefeuille), digitale media, e-handel, e-handelvervulling, aanglyn werwing en aanglyn dienste (die groeiportefeuille). Op 1 Oktober het ons aanglynmodebesigheid Spree met Naspers se mede-aanglynhandelsmerk Superbalist saamgesmelt om Suid-Afrika se grootste aanglynmodebestemming, Fashion United SA Proprietary Limited (FUSA), te skep. Media24 het in belang van 50,95% en sal voortaan FUSA se resultate konsolideer.

Media24 se omset het met 5% gedaal teenoor die vorige jaar tot R2,2 miljard en die handelsverlies het met 8% tot R170 miljoen toegeneem. Die groter handelsverlies vloei hoofsaaklik uit die voortgesette belegging in ons groei-ondernehemings en 'n waardedaling voortspruit uit Spree se samekseling met Superbalist.

Dit is verbylding dat die handelswens in die volwasse portefeuille, danksy laer drukpryse en volghoue kostbesparingsinisiatiewe, jaar tot jaar met 74% tot R149 miljoen verbeter het vir die tydperk, ondanks 'n 8%-afname in omset. Advertensie- en sirkulasie-inkomste het met onderskeidelik 10% en 8% gedaal teenoor die vorige jaar, terwyl die boekuitgewery se inkomste weens minder handboekbestellings met 15% afgeneem het.

Die groei-ondernehemings het steeds belê om skaal uit te brei. Dit het, tesame met 'n waardedaling in ons e-modebedrywigheid na die samekseling met Superbalist, geleid tot 'n netto bedryfsverlies van R254 miljoen, wat 39% hoer is as in die vorige jaar. Hierdie ondernemings het 18% totale omset bygedra en jaar tot jaar met 15% gegroeい. Netwerk24, ons digitale intekendens, het inkomste uit intekeninge met 71% verhoog in vergelyking met die vorige jaar.

Kontant wat in bedryfsaktiwiteite aangewend is, is deur die handelsverlies vir die tydperk en hoér bedryfskapitaalvlakte geraak, hoofsaaklik weens die tydsberekening van voorraadaankope en die invordering van skuld. Dit is gedeeltelik teengewerp deur hoér beleggingsinkomste en laer belasting wat betaal is teenoor die vorige tydperk.

Op 28 Augustus 2018 is gewone dividende van R42 miljoen aan aandeelhouers verklaar wat op hierdie dag geregistreer was.

**WERKSAAHEDÉ**

**24.com**, tuiste van ons digitalemedia-handelsmerke, het 389 miljoen maandelikse bladbesoek gehad, met 86% hiervan afkomstig van mobiele blaaiers en apps. 24.com is steeds die plaaslike leier in digitale nuus, met 'n markaandeel van 42% onder Suid-Afrikaanse nuuswerwe se gehore. Netwerk24, wat toegang bied tot die jongste Afrikaanse nuus en die inhoud van ons Afrikaanse koerante en tydskrifte, het sy intekenaarbasis jaar tot jaar met 86% uitgebrei en sy posisie as die grootste betaalmuunhuuswerf in Suid-Afrika verstewig. Mensie bestee ook meer tyd aan ons produkte. Die gemiddelde gebruiker bestee meer as 22 minute per dag op Netwerk24 en amper 18 minute per dag op News24. Die News24-verslaggewers wat tot die reeks #GuptaLeaks-onthullings oor staatskaping bygedra het, het die gerekende Standard Bank Sikulive-toekenning vir ondersoekende joernalistiek ontvang. Dit getuig van die gehalte van ons inhoud.

Ons **drukmedia**-afdeling het sterk resultate behaal – kostedoeltreffendheid by ons koerante, tydskrifte en medialogistiek-afdeling. On the Dot, het die dalings in sirkulasie- en advertensiolumes teengewerp om winsgewendheid 'n hupstoot te gee. Ons het ons leiersposisie in koerant- en tydskriftsirkulasie asook advertensiemaarkaandeel behou, en ons publiseer sewe van die top 10 betaalkoerante wat versprei word en ses van die top 10 tydskrifte in die land. Ons koerante het vyf Standard Bank Sikulive-toekenninge gewen, wat die Frewin-toekenning vir Die Burger insluit, terwyl City Press en Rapport die Joel Mervis-prys vir stedelike weekblaie deel. Ons tydskrifte se advertensiespan het hul kategorie by die advertensiesbedryf se prestigieuse MOST-toekenninge gewen.

Ons tersière boekuitgewer Van Schaik Uitgewers het baat gevind by sy sterk uitgewersprogram en goeie regte-inkomste, terwyl NB Uitgewers sy leiersposisie onder plaaslike handelsuitgewers behou, talle letterkundeprys verower en verskeie toerkeropers uitgereik is, waaronder Chris Steyn en Mark Minnie se The Lost Boys of Bird Island/Die seuns van Bird Island. Jonathan Ball Publishers het die Nielsen Bookscale-toekenning as handelsuitgewer van die jaar gewen, en onder sy toerkeropers tel The Subtle Art of Not Giving a F\*ck, wat meer as 30 000 eksemplare verkoop het.

Die Afrikaanse leefstyl- en vermaaktelevisiekanaal **VIA** bly die gewildste leefstykkanal onder Afrikaanse DSTV-kykers en het in September meer as 300 000 daagliks kykers bereik.

Die aanglynmodewinkel **Spree** het kopers met 17% en bestellings met 18% uitgebrei vergeleke met die vorige jaar. **Kontraklogistiek**, die grootste e-handelvervullingsmaatskappy in Suid-Afrika, het jaar-tot-jaar sterk omsetgroei van 42% behaal. **Careers24**, ons aanglynwerwingsportaal, het sy intekenaarbasis uitgebrei en sterk klanttegroei vir sy aansoeker-nasporingstelsel Simplify.hr aangegetek.

**DIREKSIÉ**

Esmare Weideman het op 30 September 2018, ná byna agt jaar, afgestreep as groep- uitvoerende hoof en uitvoerende direkteur van Media24. Die direksie van Media24 spreek graag hul dank uit teenoor Esmare vir haar waardevolle bydrae en wens haar alles van die beste toe met haar toekomstplande. Ishmet Davidson is vanaf 1 Oktober 2018 as groep- uitvoerende hoof aangestel. Prof Hein Willemsen het op 30 Junie 2018 as direkteur uitgetree. Die direksie bedank prof Willemsen vir sy waardevolle bydrae tot die groep.

**ANANTEKENING BY DIE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE TUSSENTYDSE VERSLAG****ANBIEDINGSGRONDSLIG**

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag vir die ses maande geëindig 30 September 2018 is opgestel in ooreenstemming met die vereistes van IAS 34 *Tussentydse Finansiële Verslagdoening* en die Suid-Afrikaanse Maatskappye. Die rekeningskundige beleid wat met die opstel van hierdie verkorte tussentydse verslag gevvolg is, is in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en strook met die beleid wat in vorige gekonsolideerde finansiële jaartestate toepgesaa is, behalwe die aanvaarding van IFRS 15 *Inkomste uit Kontrakte met Klante en IFRS 9 Finansiële Instrumente*. Nie een van die nuwe of gewysigde rekeningskundige verklarings wat geld vir die finansiële jaar wat op 1 April 2018 begin het, het in wesentlike uitwerking op die groep gehad nie. Bestuur is besig om die impak van IFRS 16 *Huurkontrakte* op die groep te bepaal, wat na verwagting 'n invloed sal hé op totale bates en laste. Huidige huurkontrakte het betrekking op gehuurde eiendom en motorvoertuie.

Met die opstel van hierdie verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state was die beoordelings deur bestuur in die toepassing van die groep se rekeningskundige beleid en die kernbronne van ramingsonsekerheid dieselfde as dié wat gegeld het vir die gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2018. Werklike bedrae kan van hierdie ramings verskil.

Weens die seisoenale aard van die bedryfssegmente in die groep sal omset en bedryfswins in die tweede helfte van die jaar nie noodwendig met die eerste ses maande so syfers coreenstreef nie.

Handelsverlies sluit amortisasie van ontasbare bates (behalwe sagteware), ander winste of verliese en ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde vergoedingskoste uit. Kernerwessies sluit enige enige en nie-bedryfsiteme uit. Na ons mening is dit 'n nuttige maatstaf van die groep se waardevolle bedryfsprestasie. Dit is egter nie 'n onmiskebare term ingevolge IFRS nie en is nie noodwendig vergelykbaar met maatstawwe met soortgelyke name wat deur ander maatskappye in hul verslae gebruik word nie.

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag is opgestel onder toesig van Media24 se groep- finansiële hoof, Mobsaheer Patel GR(SA), in samewerking met Abdurrahman Mayman GR(SA), waarnaamend groep- finansiële hoof van Media24 tot 31 Augustus 2018.

**VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR**

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag vir die ses maande geëindig 30 September 2018 is nagegaan deur die maatskappy se ouditeur, PricewaterhouseCooper Geïnk., wat 'n ongekwalfiseerde mening daaroor uitgespreek het. 'n Afskrif van die ouditeursverslag is op aanvraag by die maatskappy se geregtelike kantoor beskikbaar. Enige verwysing na toekomstige finansiële prestasie in hierdie aankondiging is nie deur PricewaterhouseCooper Geïnk., nagegaan nie, en hulle het nie daaroor verslag gedoen nie.

**GEBEURE NÁ DIE VERSLAGDOENINGSDATUM**

Met ingang 1 Oktober 2018 het Naspers se twee aanglynmodekleinhandelaars, Spree en Superbalist, saamgesmelt in 'n nuwe maatskappy, Fashion United SA Proprietary Limited. Ná die samekseling word 50,95% van die nuwe maatskappy besit deur Media24 Eiendoms Beperk, Spree se huidige aandeelhouers, terwyl die Takealot-groep 49,05% besit.

Die koopsoem is R443 miljoen, waarvan R193 miljoen in raming verteenwoordig van die voorwaardelike teenprestasie wat in Junie 2019 betaalbaar is.

Media24 het besluit om die voorganger- rekeningskundige grondslag vir die verkyring van die belang van 50,95% in Superbalist toe te pas. Die finansiële uitwerking van hierdie transaksie is nie teen 30 September 2018 in berekening gebring nie. Die bedryfsresultate en bates en laste van die maatskappy sal vanaf 1 Oktober 2018 gekonsolideer word.

Namenis die direksie

**Rachel Jaffa**

Vorsitter

Ishmet Davidson

Uitvoerende hoof

Kaapstad

30 November 2018

**VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT**

	Ses maande geëindig 30 September	Jaar geëindig 31 Maart	
	2018 Nagegaan R'm	2017 Nagegaan R'm	2018 Geouditeer R'm

**Voortgesette bedrywigheid**

**Omset**  
Koste om dienste te lever en goedere te verkoop  
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes  
Ander netto winste

2 211	2 333	4 686
(1 668)	(1 763)	(3 510)
(727)	(740)	(1 566)
20	17	17

**Bedryfsverlies**  
Rente ontvang  
Rente betaal  
Ander netto finansieringskoste

(164)	(153)	(373)
36	20	68
(2)	(5)	(8)
1	(1)	(8)
(1)	(1)	(2)
9	10	19
(10)	–	–
3	–	10

**Verlies voor belasting**  
Belasting

(128)	(130)	(294)
(10)	(16)	(35)

**Verlies uit voortgesette bedrywigheid**  
Verlies uit beëindigde bedrywigheid

(138)	(146)	(329)
–	(36)	(36)

**Verlies vir die tydperk**  
Toeskrybaar aan:

(138)	(182)	(365)
(142)	(310)	(500)
4	128	135

**Voortgesette bedrywigheid**  
Kernwesensverlies vir die tydperk

(111)	(99)	(353)
(120)	(111)	(381)

**REKONSILIASIE VAN BEDRYFSVERLIES MET HANDELSVERLIES**

	Ses maande geëindig 30 September	Jaar geëindig 31 Maart	
	2018 Nagegaan R'm	2017 Nagegaan R'm	2018 Geouditeer R'm



### ***Independent auditor's review report on interim financial statements***

To the Shareholders of Media24 Holdings Proprietary Limited

We have reviewed the condensed consolidated interim financial statements of Media24 Holdings Proprietary Limited in the accompanying interim report, which comprise the condensed consolidated statement of financial position as at 30 September 2018 and the related condensed consolidated statements of comprehensive income, changes in equity and cash flows for the six months then ended, and selected explanatory notes.

#### ***Directors' Responsibility for the Interim Financial Statements***

The directors are responsible for the preparation and presentation of these interim financial statements in accordance with the International Financial Reporting Standard, (IAS) 34 Interim Financial Reporting, the SAICA Financial Reporting Guides as issued by the Accounting Practices Committee and Financial Pronouncements as issued by the Financial Reporting Standards Council and the requirements of the Companies Act of South Africa, and for such internal control as the directors determine is necessary to enable the preparation of interim financial statements that are free from material misstatement, whether due to fraud or error.

#### ***Auditor's Responsibility***

Our responsibility is to express a conclusion on these interim financial statements. We conducted our review in accordance with International Standard on Review Engagements 2410, Review of Interim Financial Information Performed by the Independent Auditor of the Entity. ISRE 2410 requires us to conclude whether anything has come to our attention that causes us to believe that the interim financial statements are not prepared in all material respects in accordance with the applicable financial reporting framework. This standard also requires us to comply with relevant ethical requirements.

A review of interim financial statements in accordance with ISRE 2410 is a limited assurance engagement. We perform procedures, primarily consisting of making inquiries of management and others within the entity, as appropriate, and applying analytical procedures, and evaluate the evidence obtained. The procedures in a review are substantially less than and differ in nature from those performed in an audit conducted in accordance with International Standards on Auditing. Accordingly, we do not express an audit opinion on these interim financial statements.

#### **Conclusion**

Based on our review, nothing has come to our attention that causes us to believe that the accompanying condensed consolidated interim financial statements of Media24 Holdings Proprietary Limited for the six months ended 30 September 2018 are not prepared, in all material respects, in accordance with the International Financial Reporting Standard, (IAS) 34 Interim Financial Reporting, the SAICA Financial Reporting Guides as issued by the Accounting Practices Committee and Financial Pronouncements as issued by the Financial Reporting Standards Council and the requirements of the Companies Act of South Africa.

#### **Other matter**

We have not reviewed the future financial performance and expectations expressed by the directors included in the commentary in the accompanying interim financial statements and accordingly do not express a conclusion thereon.

*PricewaterhouseCoopers Inc.*  
PricewaterhouseCoopers Inc.  
Director: V Harry  
Registered Auditor  
Cape Town  
27 November 2018

.....  
PricewaterhouseCoopers Inc.,  
5 Silo Square, V&A Waterfront, Cape Town 8002, P O Box 2799, Cape Town 8000  
T: +27 (0) 21 529 2000, F: +27 (0) 21 529 3300, [www.pwc.co.za](http://www.pwc.co.za)